

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen die huwelik as magsinstelling en die huwelik as liefdesverbintenis tussen man en vrou. Die verskil gaan oor of man en vrou saam aan die Here behoort en of hulle aan hulle self en aan mekaar behoort. Behoort hulle saam aan God, ontdek hulle mekaar wie God elkeen maak, laat wees, voor gebruik en voor aanstel in die verwondering dat God hulle aan mekaar as mens en vrou gegee het. Behoort hulle aan hulle self en aan mekaar, maak hulle mekaar soos elkeen hulle wil laat wees, wil uitbeeld, voor gebruik en voor bestem. Die enigste wyse waarop man en vrou mekaar as besitting kan opeis is deur die krag en mag van sedeloosheid. Binne die verbintenis “ons behoort aan mekaar” word hierdie sedeloosheid teenoor mekaar as liefde geglo en geleef. Alleen Christus herstel die verbintenis tot God op sy ’n wyse dat man en vrou met mekaar in die geloof kan leef: “Ons behoort aan God en is vir mekaar gegee.” In hierdie geloof is man en vrou toegewy aan mekaar en vry van die mag om mekaar te besit.

Skriflesing Romeine 14: 1 – 12, 17; Romeine 1: 18 – 32.

Teks Rom. 14: 8 “Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here

Tema Ons behoort as man en vrou aan die Here en is vir mekaar gegee

1. Wanneer verval die geloofsonderskeid in die huwelik tussen ’n man en vrou tussen sake wat die liefde dien en sake wat vir die liefde totaal onbelangrik is, op so ’n wyse dat ’n mens daarvoor geen eenstemmigheid of eensgesindheid hoef te hê nie?

Die antwoord is wanneer hulle nie meer saam aan God behoort en vir God leef en sterf nie, maar aan hulle self en mekaar behoort. Dit is hoekom Paulus die kern van ’n verhouding waarin tussen liefde en onbelangrike sake stel as:

“As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterf, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.” Rom. 14:8.

Waar man en vrou in die geloof lewe dat hulle aan God behoort, leef hulle met die geloofsoortuiging dat God hulle as man en vrou aan mekaar aan mekaar gegee en verbind het. Waar hulle in die geloof leef, hulle behoort aan hulle self en aan mekaar omdat hulle getroud is, is dit omdat hulle glo hulle het mekaar as man en vrou “gevat”.

2. Daar is ’n wesenlike verskil tussen die volgende opvatting oor jou man of vrou: “Jy is myne” teenoor “jy is my man” of “jy is my vrou.”

Hierdie tipe verskil is nie sommer maar net ’n verskil in mening nie. Hierdie verskil lê op ’n totaal ander vlak. Wanneer ’n man jou omhels en in hierdie omhelsing verklaar

Ons behoort as man en vrou aan die Here en is vir mekaar gegee

hy in jou oor: “Jy is jy net myne”, is dit dieselfde as die eenvoudige woorde: “My vrou?” Dit werk presies dieselfde andersom ook as sy jou omhels en sê: “Jy is net myne” teenoor die eenvoudige woord: “my man.”

Dit is twee verskillende wêrelde! Die een maak jou yskoud en die ander laat jou sommer warm voel. Die een wat jou yskoud laat voel is 'n magsverklaring en die een wat jou warm laat voel is 'n liefdebetuiging.

Dit is wat Paulus in Romeine hoofstuk 1 aan die orde stel: die verskil tussen die magsverklarings van die mense aan wie God behoort teenoor die liefdesbetuiging van hulle wat aan God behoort soos betuig in Romeine 14: 8” Ons behoort aan die Here.”

Kom ons kyk hoe help Romeine 1 ons met die verskil tussen hierdie magsverklaring in 'n verhouding of die huwelik: “Jy is myne” teenoor die liefdesbetuiging: “My man” of “My vrou”!

3. Romeine 1 verse 18 tot 25 is 'n beskrywing van hoe mense God aan hulle laat behoort sodat hulle met die magsverklaring kan leef: “God is myne!” Dit is presies die teenoorgestelde as die geloofsbelydenis in God se liefde: “Ons behoort aan God.” in Rom. 14: 8

Die enigste wyse waarop mense God aan hulle kan laat behoort as hulle eie god, is om wie God as Skepper is, innerlik in hul self te misken. Dit word in vers 28 só gestel in die Direkte Afrikaanse Vertaling “hulle het die verwerplik beskou om aan God erkenning te gee”; of “hulle het dit nie die moeite werd geag om God in erkenenis te hou nie” 1953 en “hulle het dit van geen belang geag om God te ken nie.” 1983.

Hierdie miskenning is iets heeltemal iets anders as onkunde of onbekendheid met God as Skepper. Paulus verduidelik dit in verse 20 en 21. Alles in die skepping getuig van God se Almagtigheid en dat Hy waarlik God is.

Alles!

Die kosmos met alles wat in die kosmos al gebeur het en wat besig is om te gebeur! Die ontstaan van galaksies, sterre en planete uit kosmiese gasse soos helium en ander gasse. Die beweging van galaksies en sonnestelsels, hulle ontstaan en inploffings. Alles getuig van die krag van die Skepper!

Elke vorm van lewe en die wyse waarop lewe op aarde voortgaan in die voortplanting en ontwikkeling van plante en diere. Elke lewende organisme getuig van die wonder van lewe wat God geskep het en wat God as Skepper onderhou.

Ons behoort as man en vrou aan die Here en is vir mekaar gegee

4. Daarom maak Paulus hierdie onbetwiste verklaring: iemand wat God nie as Skepper ken nie, wíl Hom nie as Skepper ken nie. En vir hierdie ontkenning van God as Skepper kan daar geen regsgeldige verskoning wees nie.

Die mens se houding om God nie as God te eer en dank nie, is nie weens onkunde oor Hy God is of hoe Hy God is nie. Dit is 'n innerlike geloof en houding waarmee die mens besluit – om dit van geen belang te ag om Hom as Skepper te erken nie, al ken hulle Hom as Skepper! 1:28.

Hoekom hierdie innerlike ontkenning en miskenning van wie God as Skepper is in mense se harte?

Dit word in een sin opgesom: Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig.” 1: 25.

Wat is die waarheid? Dit is dat God ons gemaak het en dat ons aan God behoort! Wat is die leuen? Dit is dat ons God gemaak het en dat God aan ons behoort!

Dit is waarom die hele miskenning en ontkenning van God gaan: mense wil nie aan God as Skepper behoort nie, hulle wil hê dat God aan hulle as hulle skepping sal behoort. Hulle wil nie in die liefdesbetoog leef: “Ons behoort aan God nie.” Hulle wil met die magsverklaring leef: “God behoort aan ons.”

5. Kan mense God maak wie en soos Hy die Skepper is?

Dit stel Paulus duidelik in 1: 23! Mense kan nie die Skepper maak nie. Hulle maak net afbeeldings van die Skepper. Die Skepper kan nie gemaak word nie. Die Skepper maak! Al wat mense kan maak is gode wat nie die Skepper is nie. Mense kan nie God maak wie Hy is nie. Hulle kan net afgode maak wie Hy nie is nie!

Dit is wat mense maak deur God uit te beeld!

Hulle maak God wat Hy nie is nie. Die rede daarvoor is omdat hulle nie wil hê Hy moet wees wat Hy is nie, maar dat Hy moet wees wie hulle wil hê Hy moet wees, volgens hulle eie begeertes, gevoelens, idees en ervarings oor God.

Met uitbeeldings van God, wat nie God is nie, kan hulle God vir hulle self opmaak soos hulle Hom wil hê of kan hulle God afmaak soos hulle Hom nie wil hê nie. Met uitbeeldings van God kan hulle God gebruik waarvoor hulle Hom wil gebruik en kan hulle God uitlos waarvoor hulle Hom nie wil gebruik nie. Met uitbeeldings van God kan hulle God sit waar hulle Hom wil hê en wegvat waar hulle Hom nie wil hê nie;

Ons behoort as man en vrou aan die Here en is vir mekaar gegee

Met uitbeeldings van God kan hulle met God leef soos hulle wil of sonder Hom leef soos hulle wil.

Daarom wil hulle nie God ken, soos Hy is en Homself bekend maak nie. Want dan moet hulle erken hulle behoort aan God en God maak hulle soos Hy wil en laat hulle nie toe om iets anders te wees nie; gebruik hulle waarvoor Hy wil en laat hulle nie toe om te doen wat hulle wil nie; God stel hulle aan waarvoor Hy hulle nodig het en stel hulle nie aan waarvoor Hy hulle nie nodig het nie.

Met selfopgemaakte beelde van God probeer hulle dat Hy nie God moet wees soos Hy God is nie, maar God moet wees soos mense Hom maak of breek!

Hierdie verdraaide opvattinge oor God is kragtig en werksaam in die magsverklaring: God is myne, God behoort aan my!

6. God is myne en jy is myne!

Dit is die magsverklaring wat jy in die omhelsing van 'n man of vrou hoor: "God is myne en jy is myne net soos God myne is: ons twee behoort nou aan mekaar."

Dit is die kernbedoeling van Paulus se sin: "Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan die die lof toekom." Aan wie kom die lof toe: "Ek behoort aan Hom?" Net aan jou Skepper! Daarom is dit juis die diepste bedoeling van die ontkenning van God as Skepper om hierdie plek van God in 'n ander mens of mense se lewe te kan inneem: "Jy behoort aan my" of "Ek behoort aan jou."

Wat gebeur in en met hierdie magsverklaring wat as 'n liefdesbetuiging tussen man en vrou uitgespreek word: "Jy behoort aan my en ek behoort aan jou, ons behoort aan mekaar?"

Die regte vraag om te vra waar man en vrou in hierdie magsverklaring mekaar aanvaar klink so: "Wat doen God met 'n man en vrou in 'n verhouding of huwelik waar sy eer dat hulle aan hom behoort, ontken word en aan mekaar gegee word in die geloof: "Ons behoort aan mekaar."

7. Paulus noem drie dinge wat God met 'n man en vrou doen wat hulle liefde so vir mekaar verklaar: Jy is myne, ek is joune en ons behoort aan mekaar!"

- Hy gee man en vrou aan mekaar oor om die die begeertes van hulle harte met mekaar te bevredig in die geloof dit is liefde van man en vrou vir mekaar. 1:24
- Hy gee hulle oor om hulle skandelige hartstogte met mekaar te bevredig in die geloof dit is liefde vir mekaar. 1:26

Ons behoort as man en vrou aan die Here en is vir mekaar gegee

- Hy gee hulle oor aan mekaar om mekaar se onbetaamlike, slegte en kwaadwillige gedrag of optredes vir mekaar as geregverdigde opvattinge, oordele en gesindhede te glo. 1: 28

Hier moet ons dadelik twee misverstande opklaar.

Die voorbeeld van homoseksualiteit vir hierdie magsverklaring: “Jy is myne”, is net ’n voorbeeld. Voorbeelde kan misleidend wees. ’n Professor wat my opgelei het, het ons geleer dat jy nie met voorbeelde maak dat mense dink dit gaan oor ’n spesifieke persoon of insident in die gemeente nie. Dan het jy die Woord van God se krag vir almal ontnem. Dit is ook waar van die voorbeeld van homoseksualiteit in hierdie hoofstuk: dit is net ’n voorbeeld van wat God met elke en alle mense doen wat Hom misken sodat hulle aan mekaar kan behoort en nie aan hom nie.

Nog ’n misverstand is dat hierdie optrede van God beteken dat Hy vir mense wat Hom nie erken nie, die kwaad bewerk, so asof God mense se verhoudings terroriseer en laat misluk omdat Hy jaloesers en gegrief is oor wat mense aan Hom doen.

Hierdie daad van God is om goddeloses te los in die magsgreep wat hulle op mekaar wil hê: Jy is myne, ek is joune en ons behoort aan mekaar!

8. Paulus verklaar dat mense wat in hierdie verhouding met mekaar leef, ons behoort aan mekaar, tree soos volg teenoor mekaar op: “Hulle is een en al ongeregtheid, slegtheid, hebsug, en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog, kwaadwilligheid. Hulle skinder en praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers; hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig.”

Hier het ons ’n heel ander beskrywing van die probleme in die huwelik tussen man en vrou, as die bekende probleme wat elke dag aan die huwelik toegeskryf word: kommunikasieprobleme, aanpasbaarheid, swak kinderjare, sielkundige probleme of psigiatrisiese siektes.

Wat Paulus hier beskryf maak niks van hierdie genoemde sake onbelangrik nie. Dit is ook nie die towerstaf waarmee al hierdie sake weggevat word of aandag wat aan hierdie sake gegee moet word, onnodig maak nie. Al hierdie sake verdien die nodige aandag waar dit van toepassing is.

Maar die godsdienstige houding wat Paulus hier aan wys, is iets anders! Mense wat glo dat hulle aan mekaar behoort en nie aan God nie, gaan die bedoeling wat met hierdie magshouding gepaard gaan mos met mekaar uitleef!

Ons behoort as man en vrou aan die Here en is vir mekaar gegee

9. Hoe is dit?

As ek aan God behoort omdat Hy my gemaak het wie en soos ek is, Hy my gebruik waarvoor Hy my bestem het, Hy my laat lyk soos Hy my gemaak het, Hy my aanstel en sit waar Hy my wil hê en my vat waarheen Hy my wil hê, dan is dit mos hoe ons met mekaar gaan maak as ons nie meer aan God behoort maar aan mekaar behoort: ons gaan glo ons maak mekaar soos ons mekaar wil hê, gebruik mekaar vir ons eie begeertes; sit mekaar en stel mekaar aan vir ons eie begeertes; laat mekaar lyk soos ons mekaar wil hê en bepaal mekaar se bestemming.

Hoe kan jy dit met jou man of vrou regkry? Die enigste wyse waarop jy jou man of vrou in hierdie mag bevange kan maak is deur die mag van onsedelikheid. Dit is die punt. Onsedelikheid is die mag waarmee jy jou man en vrou jou besitting maak, want dit is die enigste mag wat hulle in hierdie mag kan vashou: “Jy is myne”

Kyk hoe onsedelikheid die mag is om jou man en vrou joune te maak en as jou besitting te hanteer.

Hoe kan jy hierdie bedoeling met jou man of vrou bereik: “Ek gaan jou maak soos ek jou wil hê!” Net met hooghartigheid en aanmatigendheid, op geen ander manier nie!

Net so!

“Ek gaan jou laat lyk soos ek jou wil hê!” kan net gebeur deur hul persoon te vervals met bedrog, liefdeloosheid en gemeenheid!

“Ek gaan jou sit en aanstel volgens my eie begeertes!” kan net met ’n man en vrou gebeur in kwaadwilligheid en hardvogtigheid

“Ek gaan jou saamvat of los soos ek wil!”, kan net afgedwing word om mekaar as man en vrou in onbetroubaarheid en hebsug.

“Ek gaan jou gebruik volgens my eie begeertes!”, kan net met mekaar bereik word deur slegtheid en liefdeloosheid!

Onsedelikheid is die enigste mag waarmee jy iemand jou besitting kan laat wees! Daarom word hierdie onsedelikheid “verdraaide opvatting” genoem. Dit is die wyse waarop mense, man en vrou dit met mekaar regkry dat jy sy of haar besitting is en as besitting hanteer word: met die mag van onsedelikheid. Dit is die mag wat die valse gevoel van liefde gee wat niks anders as besittikheid is nie.

Ons behoort as man en vrou aan die Here en is vir mekaar gegee

10. En dit het niks met kommunikasieprobleme tussen man en vrou of die andersheid van man en vrou te doen nie! Elke vorm van wangedrag se boodskap is helder en duidelik en kan nie met kommunikasie tegnieke nog beter oorgedra word nie: Jy is myne en ek is jou en, ons behoort aan mekaar en maak met mekaar wat ons wil” Dit het niks met mense se moeilike kinderjare te doen nie, dit gaan oor die magsug van probleemlose mense. Dit is nie ’n sielkundige probleem wat weggepraat kan word nie en nie ’n siekte waarvoor daar pille gegee kan word nie. Watter pil kan die magshouding: “Jy is myne” verander na die liefdesbetuiging “my man” of “my vrou?”

“Jy is net myne” is die magsverklaring van ’n mens teenoor ’n ander mens wat die skepsel in plaas van die Skepper eer! Dit is ’n godsdienstige houding dat ek met jou sal maak wat ek met God maak het:

Ek ag dit van geen belang om God te erken as God nie, omdat ek nie aan Hom wil behoort en sy eiendom wil wees nie, en ek gaan jou ook nie erken as sy eiendom nie, sodat ons mekaar kan besit en met mekaar kan maak wat ons wil!

Wie so glo, ken nie meer die onderskeid tussen wat vir liefde belangrik is en wat vir die liefde onbelangrik is nie, want nou gaan alles net oor – ons besit mekaar en doen met mekaar wat ons wil – net soos ons wil – volgens wat ons wil.

In hierdie magsgreep is elke onbelangrike saak, net nog ’n middel om te wys: Jy is myne en ek maak met jou wat ek wil!

11. So!

Hoe ontkom ons van hierdie magsgreep wat mans en vrouens vir mekaar voorgee en vir mekaar glo as ware liefde: “Jy is net myne?”

Jy moet vrykom van die tipe gode wat jy vir jouself opmaak – waar God joune is. Waar jy gode maak soos jy hulle wil hê en hulle gebruik waarvoor jy hulle wil gebruik.

As u dink dit is ’n buitekerklike probleem moet u luister hoe mense oor die Here Jesus praat:

- Ek het Jesus as my eie aangeneem!
- Ek het Jesus as Here van my lewe aangestel!
- Ek het Jesus op die troon van my hart gesit!
- Ek vat Jesus saam orals waar ek gaan!
- Jesus gee my al die begeertes van my hart, gee my geluk, voorspoed, gesondheid!

Ons behoort as man en vrou aan die Here en is vir mekaar gegee

Hierdie Jesus kan net op een manier God wees: Hy behoort aan jou! Dit is die afgod Jesus waarmee mense in die kerk hulle self bemagtig om aan mekaar te behoort: Jesus is myne en jy is ook myne!

Al wat dan verander in die mag van onsedelikheid op en met mekaar is dat dit vergeestelik word. Die gewonde magsug van man en vrou oor mekaar word nou net geestelike magsug. Al wat jy nou voor elke magshouding moet sit is die woord “geestelik”: geestelike hoogmoed, geestelike verwaandheid, geestelike geskinder, geestelike kwaadwilligheid en geestelike liefdeloosheid!

Want in die naam van die afgod Jesus is jy myne en ek joune en behoort ons aan mekaar!

12. Die wyse om aan hierdie geestelike en goddelose onsedelikheid te ontkom – is geloof in die Here Jesus Christus! En dit is nie die afgod Jesus wie mense aanneem, op hulle harte sit, in hulle lewe innooi, wat hulle saamvat en hulle begeertes bevredig nie.

Paulus verklaar dit direk na hy aangekondig het dat ons behoort aan God in Romeine 14: 8 só: “Hiervoor het Christus ook gesterf en weer lewend geword: om Here te wees van die dooiers en die lewendes.” 14:9 Christus het vir ons wat net aan onself wil behoort en ander mense ons besittings wil maak gesterf en is vandag die regverdige en heilige mens in ons plek, sodat Hy as Here ons as sy kinders kan aanneem. Dit is die magsdaad waarmee Christus ons houding breek dat ons Hom aanneem en ons eie maak – Hy laat hom nie aanneem en eie maak nie, Hy is die Here wat aanneem en eie maak!

Wie Christus as Here is en wat Hy as Here met my doen, bring my weer in hierdie posisie by God: Ek behoort aan die Here.

13. Hoe verander dit die huwelik?

Hierdie magsdaad van die Here: Hy maak ons sy kinders sodat ons weer aan God kan behoort!

Ons praat gewoonlik daarvan dat mans en vroue in die huwelik mekaar moet respekteer. Dit is nie noodwendig ’n verkeerde woord nie, maar daar is ’n woord wat dit wat God met ons in die huwelik laat gebeur in hierdie geloofsaanvaarding dat ons aan die Here behoort beter stel: verwondering!

Waar man en vrou vir mekaar glo dat hulle saam aan die Here behoort kom daar hierdie diep verwondering vir mekaar: Jy behoort aan die Here en ek sien wie Hy jou

Ons behoort as man en vrou aan die Here en is vir mekaar gegee

maak en laat wees as my vrou of my man, in verwondering dat jy net nooit is wie ek van jou wil maak nie. Jy is net altyd anders as wat ek jou sien, wil uitbeeld, wil gebruik en hoe ek jou wil sit waar ek wil.

’n Verwondering wat die magsgevoel ons het mekaar “gevat”, laat verdwyn vir die dankbaarheid dat God jou vir my as man of vrou gegee het.

In hierdie dankbaarheid is liefde net liefde en nooit die magshouding dat ek jou kan vat en los, gebruik of een kant toe sit, kan saam vat of agter los, kan laat lyk soos ek wil waarvoor ek wil nie.

In hierdie geloof: God het ons vir mekaar as man en vrou gegee, kom ’n toewyding om man en vrou vir mekaar te wees sonder om mekaar te wil besit:

“Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons twee behoort aan die Here en is vir mekaar as man en vrou gegee.”

Eksegetiese en prediking notas

- Die teenoorgestelde godsdienstige saak van Rom. 14: 7 is Rom. 1: 25: om aan God te behoort en vir Hom te leef en te sterf teenoor om die skepsel te vereer en dien in plaas van die Skepper.
- Goddeloses en geestelikes keer die bedoeling om aan God as mens te behoort om deur van God ’n beeld te maak, op so wyse behoort God aan hulle.
- Mense maak gode wat vir hulle leef en sterf: wat hulle laat leef vir hulle begeertes en wat hulle laat sterf as hulle begeertes bevredig is – dit is die gode van die begeerlikhede van hul harte. 24.
- Mense maak gode vir hulle begeerlikhede en gebruik gode vir hul begeerlikhede sodat skandelijke hartstogte tussen mense ervaar word as ware liefde.
- Net soos mense gode maak en breek volgens hulle begeertes, net so maak en breek hulle mense volgens hulle begeertes. Vir die huwelik beteken dit ons vat en maak mekaar as man en vrou en en los en breek mekaar as man en vrou volgens ons begeertes.
- Wanneer jy met gode kan maak wat jy wil, dan kan jy met mense maak wat jy wil, dit is die drif om god aan jou te laat behoort.
- Daar is ’n onderskeid tussen “begeertes van hul harte” in 24 en “verwerplike denkwysse” DAV “slegte gesindheid” 1953, “verdraaide opvattinge” 1983 1: 28. Dit gaan oor die onderskeid tussen begeertes en gedrag: begeertes wat as

Ons behoort as man en vrou aan die Here en is vir mekaar gegee

liefde geglo word en onbetaamlike, slegte en kwaadwillige gedrag of optredes wat as geregverdigde opvattinge, oordele en gesindhede geglo word.

- Daar is 'n direkte inhoudelik en taalkundige verband tussen “erkenning aan God gee” en “verwerplike denkwys” DAV, “geen belang ag om God te ken nie” en “verdraaide opvattinge” 1983 en “God in erkenning te hou” en slegte gesindheid” 1953.
- Die voorbeeld van homoseksualiteit is net 'n voorbeeld van hoe mense onbetaamlik optree terwyl hulle dit as liefde glo en regverdig. Hierdie voorbeeld is ook op die huwelik van toepassing – om begeerte as liefde te glo en in en met mekaar te bevredig.